



Verwysing: 20201007-8517
Lêerno.: 12/2/8/17/1/2
Navrae: P Swart

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0010/2020

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Die opskorting van leerdervoerdienste

1. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kleinbusoperateurs in die Wes-Kaap ((SANSBOC-WC), het op 30 September 2020 'n eensydige besluit geneem om leerdervoerdienste onmiddellik vanaf 01 Oktober 2020 tot verdere kennisgewing op te skort, en is van mening dat die voorsiening van leerdervoer wat op die huidige bepalings en voorwaardes gebaseer is, finansiële onvolhoubaar vir kontrakteurs/lede is.
2. SANSBOC-WC het daarna op 02 Oktober 2020 'n aansoek by die Hooggeregshof van Suid-Afrika ingedien wat poog om die WKOD te verbied om nuwe tussentydse kontrakte vir die vervoer van leerders na en van skole in die Kaapse Wynland Distrik toe te ken terwyl die langtermyn-, oop- en mededingende tenders vir vervoerdienste in die distrik, soos in Maart 2020 geadverteer, gefinaliseer is.
3. Die WKOD se nakoming van sy statuêre verpligtinge is noodsaaklik in hierdie geskil rondom die wettigheid van die aanvang van 'n noodverkrygingsproses om die vervoerkontrakte te verseker. Ons standpunt is dat die departement wettig optree en binne die voorskrifte van die toepaslike reguleringsraamwerke handel wat die verkryging van goedere en dienste reguleer. Die beweerde stelling deur sommige partye dat dit die gevolg is van die wanbetaling van dienste, is vals.
4. Wat die skielike opskorting van dienste betref, het die WKOD bitter min tyd gehad om op die onrealistiese sperdatum te reageer wat deur SANSBOC-WC uitgereik is om die klagtes te oorweeg en aan te spreek. SANSBOC-WC het toe direk aan prinsipale by skole geskryf om hulle in te lig oor die besluit om leerdervoerdienste op te skort. Nie alle distrikte of roetes is geraak nie. Ons is egter deeglik bewus van die uitwerking wat dit op baie van ons skole en die leerders gehad het wat op hierdie dienste staatmaak.

5. Aangesien die dispuut slegs op roetes in die Kaapse Wynland van toepassing is, is daar geen rede waarom ander roetes inwerking nie in werking moet wees nie. Ons probeer die saak so spoedig moontlik uitklaar, maar word ook beperk deur die saak wat deur SANSBOC-WC aanhangig gemaak is. Die saak sal op Woensdag 07 Oktober 2020 in die Hooggeregshof aangehoor word. Ons sal die uitkoms kommunikeer sodra daar meer duidelikheid is.
6. Die WKOD sou verkies om die saak op ander maniere op te los. 'n Werkgroep, bestaande uit amptenare van die WKOD en verteenwoordigers van SANSBOC-WK en SABOA, is vanjaar suksesvol op die been gebring om saam oplossings te vind vir die operasionele uitdagings wat tydens die nasionale ramptoestand na vore gekom het. Hierdie groep kon nie in gesprek tree terwyl die saak hangende is nie.
7. Ons leerders, wat die meeste van die skooljaar gemis het, se veiligheid en gevolglike uitwerking wat hierdie opskorting van vervoerdienste op hul onderrig het, is ons grootste kommer.
8. Ons besef egter dat dit nie op 'n slegter tyd kon kom nie, gegewe die tyd van die jaar en namate skole, ouers en gemeenskappe vanuit die verskillende krisisse, as gevolg van die pandemie, weer begin funksioneer. Dankie vir u begrip en geduld in hierdie tyd.
9. Die departement glo en vertrou dat die hof hierdie saak vinnig sal afhandel sodat ons leerders se belange behartig kan word.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2020-10-07